



Ons wil God se vreugde vermeerder!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

2 Junie 2022

Gedagte vir die week:

Verandering is God se werk en ons is die dankbare en opgewonde toeskouers daarvan.

Vertrekpunt:

Esegiël 37:1-6 en Romeine 12:1-2

Meditasie uit die Woord:

Pinkster 2022 het gekom en gegaan. Hier is 'n kort opsomming vir latere verwysing. Ons glo dat enige en elke mens kan verander. Dit is so dat ons (a) vanwee ons haastige geaardhede en (b) vanwee ons onafhanklike en selfstandige pogings tot verandering, soms moed verloor vir onself en/of ander mense. Die droë bene in die laagte van Esegiël 37 kan nie deur mense tot lewe gebring word nie, dit kan alleen gebeur deur Goddelike ingrype. Hierdie Goddelike ingrype gebeur soms skielik, en soms geleidelik, en gaan gewoonlik gepaard met gevoelens van oorweldiging soos met Chuck Colson se uitbarsting in Tom Phillips se "driveway". Dan roep 'n mens maar net na God in woorde soos Chuck syne, "Take me, take me, take me". Wanneer jy in hierdie proses is een van die eerste dinge wat met jou gebeur dat jy dalk by hernuwing of vir die eerste keer jouself regtig sien vir wie regtig is. Dit is 'n seer en pynlike moment, maar dit is waar die genesing begin. Maar jy is dan ook in groot gevaar, want juis op daardie oomblik moet jy rekening met die "Beast in the basement" (die boosheid) wat daarop uit is om jou genesing te steel en jou terug te neem na die ou lewe van boosaardigheid soos wat 'n mens sien in plekke soos Russelsheim en Devilsdorp (Krugersdorp) en in die lewe van Sophie en haar twee kinders, soos verbeeld in Sophie's Choice. Dit is dan tyd om die "active voice" (die stem van geestelike bravade in lyn met die onverskillige swemmer) en die "passive voice" (die stem van geestelike onge-ergdheid verbeeld deur die lui strandgangers wat sonbrand) stil te maak. Dit is dan tyd vir die "middle voice", waar ek aandagtig en versigtig luister na die stem van God en die stem van die lewe en die twee met mekaar integreer, net soos wat 'n branderplankryer homself belyn met die branders in die see. En so, in my "middle voice" modus ontdek ek die Vaderhart al beter en al meer en word my morele kode en gewete gevorm nie deur wette nie, maar deur die liefde in die verhouding. Daarom is White se opmerking van groot belang: "**Although repentance may indeed be painful, it does not come about as a response to severity. Stern accusation and recrimination may exacerbate our feelings of guilt and shame, but they never give rise to true repentance. Inevitably, it is the wonder of kindness that awakens repentance. The relief that we might be loved and accepted is what brings true change**". (Vgl Colson ... take me, take me, take me ...)

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 5 Junie 2022 om **09:00 (LET WEL!)** het ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/nn0nfd8vBJw>

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com